

# Leesstukke en fokusklanke

| | |
|---|---|
| Hallo, Tippie! | a-klank |
| Tippie en die hen | e-klank |
| Tippie en die vis | i-klank |
| Tippie, Robin en die bok | o-klank |
| Tippie, Buks en die bul | u-klank |
| Tippie en die by | y-klank |
| Tippie en die haas | aa-klank |
| Tippie en die leer | ee-klank |
| Tippie en die boom | oo-klank |
| Tippie en die duur mat | uu-klank |
| Tippie en die haas | aa-, ee-, oo- en uu-klanke |
| Tippie en die mier | ie-klank |
| Tippie se blou kous | ou-klank |
| Tippie en die uil | ui-klank |
| Tippie soek sy boek | oe-klank |
| Tippie se neus jeuk | eu-klank |
| Tippie ry trein | ei-klank |


# Hallo, Tippie!



Tippie



Mamma


Pappa


kat



mat


bal


lag

ek bly my

by hou hom



Ek is Tippie.

Dit is Mamma. Dit is my mamma.

Ek hou van my mamma.

Dit is Pappa. Dit is my pappa.


Ek hou van my pappa.



Ek bly by Mamma.

Ek bly by Pappa.

Ek bly by my mamma en my pappa.

Ek is bly dat ek by Mamma en Pappa kan bly.



Dit is 'n kat.

Dit is my kat.


Ek hou my kat vas.

My kat is mak.

Ek hou van my kat.

My kat bly by my.

My kat bly by my en Mamma en Pappa.



Dit is 'n mat.


Dit is my mat.

My kat hou van my mat.

My mat is sag, sag, sag.

Ek hou van my mat.


Ek en my kat hou van my mat.



Dit is 'n bal. Dit is my bal.

My bal is op my mat.

Ek kyk vir my kat en my bal op die mat.



My kat kyk vir my bal.

My kat kap na die bal.

My kat wil op die bal hop.

My kat hop, hop, hop.

My kat val van die bal af.

Ek lag vir my kat wat van die bal af val.

